

KOMMUNIKAMMA 21 NOVEMBER 2021



Kontakpersone, indien jy meer inligting benodig oor een van die sake wat hier verskyn:

Jou blokouderling of -diaken

Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za

Ds MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za

Ds Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za

PROGRAM VIR DIE WEEK:

Skriflesing: Psalm 139

Tema: Omsluit – om sonder maskers te kan leef.

09:00 Erediens

<https://youtu.be/bCkc4ckSmtM> Skakel gerus op Youtube kanaal in as jy die lewendige uitsendings wil volg.

Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk.

Die huisgeloof, 'n gesprek riglyn rondom die tema van die erediens, is op die gemeente se webwerf beskikbaar.

Die deurdankoffer gaan vir Kleinskool Inisiatief.

09:00 Kleuterkerk

Baie geluk aan Jaco en Lara Pretorius wie se seuntjie, Hanco Sarel, gedoop word.

Geluk ook aan Wiehan en Liezl van Onselen wie se seuntjie, George, so bietjie later vanoggend gedoop word.

10:00 Kategese

Kategese afsluiting by die kerkgebou vir graad 7 - 11. Covid protokol is in plek en ons sal alles in ons vermoë doen om die jongmense veilig te hou.

18:30 There4-Bediening reis via Zoom na Nepal.

There4-Bedieninge nooi julle om vandag saam te reis. (Sondag, 21 November 2021)

Ons gaan al die pad per Zoom na Nepal... geen vliegtuigkaartjie is nodig nie, ook nie paspoorte nie.

Net 'n ongelooflike geleentheid om te sien hoe ons vriende en vennote die liefde van Christus leef en veral vir ons boeties en sussies vir wie bemoediging so nodig is.

Julle gaan alles hoor oor hulle bediening wat Dissipelskap-opleiding insluit.

Hierdie is nie geloofshelde nie, net gewone mense soos ons wat almal geantwoord het "Ja Here, hier is ek, stuur my".

RSVP deur 'n e-pos te stuur aan Nadia by support@there4ministries.org of 'n sms boodskap aan 082 336 0253.



EREDIENSTE IN DIE KERKGEBOU

Die hou van eredienste is onderhewig aan al die Covid regulasies. Daar mag nou **250 persone** per erediens in die kerkgebou wees. Die diens word steeds digitaal beskikbaar gestel. Ons gaan, indien regulasies nie weer verander nie, hierdie jaar een erediens om 09:00 hou.

Indien jy 'n erediens wil bywoon, kan jy die volgende skakel gebruik om die aanlyn besprekingsvorm te voltooi.

<https://forms.gle/p7mpVSBnHeYdRYuZ8>. Ons versoek dat jy die vorm voor Vrydag 12:00 sal voltooi.

Jou bespreking verseker jou van 'n plek in die erediens.

Neem asb. kennis dat dit nie 'n vereiste is om plek te bespreek nie. Dit maak net die proses makliker, want ons moet 'n naamlys hê van almal wat by die erediens was.

SEL/KLEINGROEP REEKS VIR HIERDIE KWARTAAL

Ons gaan voort met die sesde week week van die: **“7 weke as Sinsoekers”** reeks in ons eredienste en in sel- of kleingroepe.

'n Afskrif van die boekie is op ons webwerf beskikbaar by

<http://www.ngkraggakamma.co.za/index.php?destination=kleingroepbediening>

Datum	Tema	Skriflesing
21 November	Omsluit	Ps 139
28 November	Ontwrig	Luk 10:1-20

Maandag 22 November

12:45 GEMEENTEBIDUUR

Ons hou Maandae 'n gebedsgeleentheid in die konsistorie, maar ook via Zoom. Almal is welkom. Kontak Niekie indien jy wil saam bid of 'n gebedsversoek het.

Woensdag 24 November

Voedselhulp aan PE-Noord

Neem asb kennis dat die aflaai van die voedsel en klere geskied hierdie week op Woensdag 24 November, by die kerkkantoor!

Woensdag 24 November

Voedselhulp aan PE-Noord

Ons help weekliks ongeveer 30 gesinne met kospakkies en ander benodighede. Die nood raak steeds groter. Hul gee ook nou toe broodjies vir 40 kinders wat honger gaan slaap en skool toe gaan. Hulle vra vir donasies van smeergoed. Dankie vir elkeen se ondersteuning.

Behalwe vir die skenkings van kos en klere ontvang, is reeds meer as R276 055.00 gebruik om kos aan te koop. Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord.

Skenkings kan hierdie week op **Woensdag, tussen 08:00 en 12:00 by die kerkkantoor** afgelaai word. U kan meer inligting op ons webblad kry of vir Sonja Spies (084 516 4925) kontak.

KERKKANTOOR

Die kerkkantoor sal elke Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop wees. **Geen persoon sal sonder 'n masker toegelaat word nie.** Volg asb die regulasies.

Donderdag 25 November

FonteinVriende Braai

Fonteinvriende is die gemeente se groep van afgetrede persone. Ons gaan die jaar afsluit met 'n lekker braai op Donderdag 25 November 2021. Ons begin 11:00. Dit kos R50.00 per persoon wat wors, sosatie, broodrolletjie en slaai insluit. Bring al jou eie eetgerei en drinkgoed saam asseblief. Persone wat nuut by fonteinvriende wil inskakel kan Zeldia Bakkes kontak by sel 083 950 6096.

Ons vra dat almal wat moontlik kan 'n blikkie ingelegde vrugte moet saam bring, wat ons aan PE Noord gaan skenk.

JONG VOLWASSENES

Ons jong volwassenes gaan eenkeer 'n maand saam as 'n groep kuier. Hierdie komende **Donderdagaand 19:00-20:00** is daar by die voortrekkersaal weer so geleentheid. Kom gesels saam. Hoe moet ons Black Friday verstaan? Hoe kan ons hierdie Kersfees sinvol inkleur?

Kontak gerus vir Ds Toit Wessels indien jy enige navrae het 084 240 2916.

Vrydag 26 November

05:00 MANNEGROEP

Indien jy wil deel word van die groep, kontak vir Frans vir meer besonderhede by sel: 082 773 6205.



Sondag 28 November

09:00 EREDIENS

Skriflesing: Lukas 10:1 - 20

Tema: Ontwrig

<https://youtu.be/ufWcbFoGnys> Skakel gerus op Youtube kanaal in as jy die lewendige uitsendings wil volg.

Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk.

(Die deurdankoffer gaan vir Arbeidsbediening)

SAKE vir GEBED:

- Dank die Here dat die verkiesing op die meeste plekke vreedsaam, vry en regverdig was. Ons bid, glo en vertrou dat die koalisies wat gevorm word, werklik goeie koalisies sal wees en dat hulle goed sal saamwerk met net die beste intensies vir ons land en gemeenskap.
- Ons dank die Here vir die reën wat weereens in ons omgewing geval het, maar bly laag op ons knieë as ons bid vir die kritieke stand van damme van ons stad en ander droogtegeteisterde gebiede. Ons hulp kom van ons Here en ons pleit dat Hy in Sy almag sal ingryp en vir ons reën sal stuur. Ons bid dat al die inwoners die erns van die saak sal besef en daadwerklik pogings sal aanwend om water te bespaar.
- Magriet van Wyk gaan vir 'n operasie.
- Ryno Muller wat herstel na 'n operasie.
- Bejaarde lidmate wat swaarkry in hierdie vreemde omstandighede, veral in sommige oorde waar die inperking nog baie streng is. Ons bid vir hulle wat eensaam en afhanklik is van ander, dat die Here hulle genadig sal wees en dat die liefde van God na hulle uitgestrek sal word.
- Dat ons land gespaar sal word van 'n vierde vlag van die Covid-19 infeksies.
- Almal wat besig is met eksamen, studente en leerlinge.
- Ons is baie lief ver elkeen van ons lidmate. Mag elkeen van julle opnuut bewus wees van God se liefde vir elkeen van julle.

There4-bedieninge se gebedsversoek vir die week:

Bid saam met die kerk in die **Demokratiese Republiek van die Kongo** dat diegene wat die verlies van geliefdes moet verwerk, die troos van die Here sal ervaar.

Baie Christene is ontvoer. Bid asseblief dat hulle veilig terugbesorg sal word.

KERMIS/KERSMARK

Graag wil ons almal wat betrokke was by die Kermis/Kersmark bedank. Sonder almal se positiewe gesindheid en harde werk, sou ons nie so 'n groot suksesvolle dag kon gehad het nie. Ons dank die Here dat die wins van die dag tans op R 56 791.71 staan. Ons sien uit om volgende jaar weer so lekker saam te kuier.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

21 November	Ina Botes, Anita Esterhuizen, Shaun Slabbert en Deidré Swanepoel
22 November	Marius van der Merwe en Hanré Vermaak
23 November	Nicole le Roux, Cornelia Nel, Cecilia Nortje en Contasha Skelton
24 November	Gustel Agenbag snr, Luzaan Coetzer en Werner Els
25 November	Marius Keyser en Joukje le Roux
26 November	Ernie Deyzel, Lorraine Gouws, Clarise Moolman en Tanielle Moolman
27 November	Theunis Coetzee, Amari Gouws, Claudette Greeff, Chloe Minnie, Claudette Nel en Zane van Niekerk



KERKRAAD EN DIENSWERKERS VERKIES EN VAKATURES

Op die kerkraadsvergadering is Pienaar Agenbag en Kate Swanepoel as kerkraadslede verkies. Jan en Mariana Swanepoel en Rinus van Heerden is bereid om as dienswerkers te dien.

Die gemeente het 'n 2 ouderling, 2 diaken en 8 dienswerker vakatures. Indien die Here jou lei om hier te dien, kontak asb met Niekie.

JEUGMENTOR VAKATURES

Daar is een jeugmentor vakature vir 2022. Kontak ds Toit indien jy betrokke wil raak by die graad 5 groep.

NG KERK NEWTONPARK HOU KERSMARK

NG Kerk Newtonpark hou op Vrydag 3 Desember vanaf 16:00 tot 19:00 Kersmark. Indien jy 'n stalletjie wil bekom, om jou eie produkte te verkoop, kan jy vir Heleen kontak by 082 562 8956.

CMR KERSVAKANSIE PROJEC

Vir baie families gaan die kersvakansie donker en honger wees. As jy 'n bydrae wil maak om die lig van Christus oor hul te laat skyn kan jy 'n finansiële bydrae by CMR, ABSA, Rek no:290230225; Takkode:632005 maak. Bydraes kwalifiseer vir 'n S18A Inkomste Belasting aftrekking. Nie-bederfbare kos kan by die CMR by Mountweg 16, Nooreinde afgelaai word. Vir meer inligting kontak Jackie by tel: 041-484 3554; e-pos: account-cmrpe@webafrica.org.za.

SUNRIDGE VILLAGE GEMEENSKAPPROJEK

Ons nooi jou uit om deel te wees van Sunridge Village se gemeenskapsprojek. In die bome by die sentrum hang daar name van eensame ou mensies wat in ons gemeente grense se aftreeoorde woon. Op die kaartjie word aangedui wat die behoefte van daardie oom of tannie is. Neem asb die vrymoedigheid om die naam af te haal en te help om hulle Kersfees spesiaal te maak.

TIENDEMAAND DANKOFFER

Oktober was 10de maand dankoffer maand. Aan die einde van de maand was die inkomste van die tiendemaand dankoffer R 97 515.91

Die begrote bedrag vir die tiendemaand dankoffer is R240 000. Jy is welkom om steeds, indien die Here vir jou so lei, jou 10de maand dankoffer bydrae te maak.

Ons dank die Here wat voorsien het deur elke lidmaat se dankbare bydrae!

DANKOFFER

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.

Die kerk se bankbesonderhede is:

NG Kraggakamma

Absa Tjekrek 1400590091

Takkode 632005

